Die storie in jou gesig



DEUR RIEKERT EN PIPPA BOTHA

In Brandi Carlile se liedjie, "The Story", sing sy onder meer: "All of these lines across my face tell you a story of who I am. So many stories of where I've been and how I got to where I am ..."

Hoe waar is dit nie! Jou gesig vertel inderdaad 'n storie. Gelukkig nie net 'n storie oor oud word nie, maar ook een oor hoe jy jou lewe leef. Ja, plooie is 'n deel van ouer word, maar die trek om 'n mond en oë spreek ook van 'n mens se lewe. Plooie wat met 'n sagte, vrolike en vriendelike gesigsuitdrukking gepaard gaan is eintlik baie aantreklik.

Ons liefste moeder is verlede jaar oorlede. Sy is as 'n jong vrou met kanker gediagnoseer en haar dokter het haar net 'n paar maande gegee om te leef. Maar God het ander planne vir haar gehad: Hy het haar genees, en nóg 40 jaar lank gespaar voordat sy hemel toe is.

Haar kankerbehandeling het egter tot gevolg gehad dat sy baie, baie plooie gekry het. Maar 'n skrale vyf minute in haar teenwoordigheid was genoeg om jou oë oop te maak vir die skoonheid in haar gees.

Die lig in haar oë en die glimlag op haar gelaat – selfs in haar minder gesonde dae – het boekdele gespreek. Die lyne op haar gesig het getuig van 'n lewe wat voluit geleef is. 'n Lewe vol vreugde en vrede te midde van pyn en gebrokenheid.

Riekert sê graag die volgende by byeenkomste vir mans: "Kyk na 'n vrou se oë – en jy sal sien of haar man Jesus gehoorsaam of nie. As 'n man lief is vir sy vrou, is haar oë sag. 'n Man wat liefde weerhou en eiewys is, se vrou se oë is hard, leeg en eensaam."

Ons oë is die vensters van ons siel. Wat in ons hart plaasvind, word deur ons oë en ons gesigsuitdrukking weerspieël.

Onthou hoe Moses gelyk het wanneer hy na sy volk toe teruggekeer het ná sy gesprekke met God: Sy gesig het geblink (Eks 34:34-35)! God se aanraking verander nie net ons hart nie, dit verander ook ons gelaat.

Dink hieroor:
Ons word elke dag met al die nuutste moontlikhede vir skoonheidsbehandeling gekonfronteer: rome, grimering, laserbehandeling, akupunktuur, spesiale masserings, selfs operasies ... Alles om ons mooi te maak, en mooi te hou.

Maar nêrens in die Bybel hoor ons dat God hierdie beheptheid met liggaamlike skoonheid bevestig nie. God se behae lê altyd in die skoonheid van ons hart.

Niemand kan die lewe se verloop terughou nie; ons almal moet eendag sterf. Stelselmatig vergaan die uiterlike mens, maar die Here het belowe dat ons wat in Hom bly, 'n ander skoonheid ontvang. En dit is so sterk en so kosbaar dat dit die liggaamlike gebreke oorskadu.

Lees:
1 Petrus 3:3-4: "Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde."

2 Korintiërs 4:16: "Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe."

Kyk na jou huweliksmaat deur God se oë. Ja, kyk maar die plooie mis – en sien die skoonheid in die hart. Bemoedig mekaar hierin. Praat minder oor jou liggaam se uiterlike voorkoms en meer oor God se genade in julle lewe. Dink aan die dinge van die Here. Fokus op dit wat vir Hom belangrik is en onderskei die vernuwing in jou en jou maat se innerlike mens. LiG

> God se aanraking verander nie net ons hart nie, dit verander ook ons gelaat.

Gebed

"Here Jesus, dankie dat U ons innerlik vernuwe. Dankie dat U ons help om in die skoonheid van ons hart te groei. Dankie, Jesus, dat U nie op ons gebreke fokus nie, maar dat u liefde ons met innigheid en genade bedek. Help ons, Here, om ook so na onsself en ons huweliksmaat te kyk. Amen"

Die huwelik is vir God belangrik. Daardie spesiale verhouding tussen man en vrou vra egter vir aandag, liefde en doelgerigte saamwerk. Riekert en Pippa Botha gee hier raad vir julle twee.

FOTO: ELRINE SMITH